

**1 Mei**

**Levitikus 6:8-7:38 (oav)**

**Fokusgedeelte: Levitikus 6:13**

**Die vuur mag nie doodgaan nie**

Daar is geen ding of geen oomblik in ons lewe waarvan ons kan sê: "Dit het met die Here nik te doen nie". Diens aan God hou sy volk nooit op nie. Ongelukkig hou ons sonde ook nooit op nie! As mens in ons Skrifgedeelte die opsomming van al die sondes waarvoor daar versoening gedoen moes word sorgvuldig lees, word dit net duidelik dat selfs ons "per-ongeluk-sondes" steeds sondes voor die aangesig van die heilige God bly. Daarom het die priesters die ernstige opdrag ontvang om te sorg dat die altaarvure dag en nag moes brand. God moes ook by die sien van die ewige vlam opmerk dat sy volk sondebewus en genadebegerig is.

So moet ouers, onderwysers, leraars en ander ampsdraers ook vandag nog sorg dat die altaarvure in die huis, die skool en die kerk nie uitdoof nie. Ja, ook in staat en samelewing rus dié plig op owerhede (Rom 13:1-7; 1 Tim 2:2) en werkgewer (Ef 6:9). Ten slotte, en dit is miskien wel die belangrikste: die voortdurende altaarvlam was 'n profesie van Hom wat 'n ewige, hoewel eenmalige, offer gebring het tot versoening van al ons sondes. Die Lam van God, wat die sonde van die wêreld wegneem (Joh 1:29) staan nog steeds soos 'n geslagte lam in die heiligdom van God se hemelse majesteit (Op 5:6).

*Sing: Psalm 43:3,4                    Ds Lammert Stavast (Emeritus)*